**“Ek is Wie Ek is”**

**Eks 3:13-22**

**18 Februarie 2024**

1. Vantevore: Die Here roep Moses by Horeb uit ‘n brandende doringbos om die volk uit Egipte te lei. Die Here herinner Moses aan Sy heiligheid, en ook dat Hy die Verbondsgod is. Moses is egter huiwerig om te gaan, en vra: Wie is ek? Die Here verseker hom Hy is immers by Moses, en gee aan hom die teken dat die volk die Here by Horeb sal kom aanbid.
2. Moses se vraag (Eks 3:13)
    a. Moses se tweede beswaar: Wat moet hy die volk antwoord as hulle sou vra: “Wat is Sy Naam?”
    b. Anders as farao se vraag: “Wie is die Here?” – farao wil weet wie is die God van wie Moses praat (Eks 5:2)
    c. Die volk se vraag is om te leer hoe is God – Sy wese, karakter
3. Die Here se antwoord (Eks 3:14-15)
    a. V14a: Ek is Wie Ek Is; V14b: Ek is het my na julle gestuur; V15a: die HERE...het my na julle gestuur
    b. Naam = Ek is = HERE = YHWH = Jahwe = Jehova
    c. V15a: HERE = God van voorvaders, Abraham, Isak, Jakob = Verbondsgod
        - Verbond met Abraham: Gen 15:18, 15:6, 17:1-2
        - Verbond met Noag: Gen 8:20—21
        - Verbond met Adam: Gen 3:14
    d. Eks 6:1-3 – nie aan voorvaders die Naam “HERE” bekend gemaak nie
        - Hulle het Naam geken, betekenis gebrekkig beleef – gaan nou verander
    e. Eks 3:15 – HERE is naam van God vir ewig
    f. Eks 3:15 – begrip van HERE / Verbondsgod lei tot viering/aanroeping/gedenk
    g. Wat beteken “Ek is”?
        - Die HERE bestaan – Hy is
        - Hy is ewig
        - Hy is oral op elke tydstip in elke omstandigheid
        - Hy is die krag agter alles
        - Hy is selfvoorsienend, soewerein, word nie bedreig nie
        - Hy is onveranderlik
        - Hy is onuitputlik (Ef 3:8, Mat 11:27, 1 Kor 2:11)
    h. Die wese van HERE word sigbaar in Sy verbond
4. Die implikasies van die Here se antwoord vir die volk (Eks 3:16-17)
    a. Die HERE stuur Moses se ontmoeting met oudstes – immers <u>Hy is</u>
    b. Die HERE ken die volk se situasie – trouens <u>Hy is</u> in beheer
    c. Die HERE openbaar Sy wese: Hy lei die volk uit en Hy lei die volk in – Hy lei gelowiges na geregtigheid en Hy lei hulle na heiligheid
5. Die implikasies van die Here se antwoord vir die Egiptenare (Eks 3:18-22)
    a. Die HERE verklaar die oudstes sal luister, die farao sal hulle nie laat trek voor hy gedwing word nie, die HERE gaan hom dwing – Die HERE is in beheer
    b. Die HERE bewerk die Egiptenare se ondergang – Hy oordeel – dit is deel van Sy wese
6. Samevatting
    a. “Ek is” – die HERE is ewig, oral, in beheer, soewerein, onveranderlik
    b. Wese van die HERE – Hy lei uit Egipte, lei in beloofde land in, Hy oordeel Egiptenare